# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

***… waar kind nog kind kan wees …***

15/2023

16 Mei 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan die groot aantal ouers wat die afgelope Saterdag leerders na Worcester vervoer het vir die sport teen Worcester-Noord. Dankie ook aan almal wat die spelers ondersteun het. Ek kon sien hoe baie die spelers dit geniet en dit was lekker om so baie aanmoediging langs die bane en velde te ervaar.

Op die Christelike kalender is Donderdag, 18 Mei 2023, Hemelvaartdag. Soos dit die gebruik is, gaan ons as skool (gr. 1 - 7) na NG Kerk Kuilsrivier-Suid stap om 'n Hemelvaartdiens by te woon. Vanaf Vrydag, 19 Mei 2023 tot Vrydag, 26 Mei 2023, sal daar elke oggend ook 'n Pinksterdiens by die skool plaasvind. Ds. Jannie du Plessis sal die boodskappe hanteer. Laat weet asb. betyds u kind se klasonderwyser indien u kind nie hierdie geleenthede gaan bywoon nie, sodat alternatiewe reëlings getref kan word.

Op Donderdag, 18 Mei 2023 sal daar ook geen buitemuurse aktiwiteite wees nie.

Ons verwelkom me. Nicola du Preez (gr. 1-klasassistent) wat gister by ons aangesluit het. Ons vertrou dat sy baie gelukkig by ons sal wees.

## 2. LOOTJIEKOMPETISIE

Elke leerder ontvang vandag 'n lootjieboek. Dit is die kwartaal se fondsinsamelingsgeleentheid. Die waarde van die lootjieboekie is R100 (5 kaartjies @R20 elk). Woeker asb. en stuur die teenstrokies én kontant voor/op 31 Mei 2023 skool toe.

Wonderlike pryse kan gewen word! Die prystrekking vind op Vrydag, 23 Junie 2023 plaas.

**1ste prys:** *3 Nagte akkommodasie vir 2 persone by **KAROS GASTEHUIS***
*(Ontbyt ingesluit plus 'n bottel Karos-wyn)*

**2de prys:** *3 Nagte akkommodasie vir 2 persone by **VIER SEISOENE GASTEHUIS***
*(Ontbyt ingesluit by DE ZINKSCHUUR)*

**3de prys:** *4 kaartjies op die **CitySightSeeing-ROOIBUS** om Kaapstad te verken.*

**4de prys:** ***TWO OCEANS AKWARIUM** (2 volwasse- & 2 kinderkaartjies)*

## 3. SPORTPROGRAM: 16 MEI 2023 – 20 MEI 2023

Hier is die week se sportprogram:

- **Woensdag, 17 Mei 2023:**
  - Rugby teen Welgemoed (weg)





- **Donderdag, 18 Mei 2023:**
  - Geen sport a.g.v. Hemelvaart



- **Vrydag, 19 Mei 2023:**
  - o.13 Hokkie by Curro Durbanville
  - Landloop by Hoërskool Brackenfell
- **Saterdag, 20 Mei 2023:**
  - Bergfiets by Hermanus

Voorspoed vir die week.

**L. Mouton**
**SKOOLHOOF**

## BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.

HHWASTE · HMC BUILDING PTY Ltd · AMPLEC · echo DRIVING SCHOOL 084 430 4002 · MTEx · MOVEME · AYESTAD MOTORS · HINO KUILSRIVIER · Autodrome CARS PAARL EST 1994 · TOYOTA LEAD THE WAY · NMI TOYOTA KUILSRIVIER · INTELLIGENT POWER SOLUTIONS · POWER PARTNERS CONSULTING · IES INDEPENDENT ELECTRICAL SUPPLIER

Na afloop van 'n suksesvolle ma-en-dogter oggend, deel ons graag met julle die spesiale oomblikke wat vasgevang is.

Kliek op die onderstaande skakel om toegang tot die foto's te kry.

Ma-en dogteroggend




Vervoer beskikbaar vir Mikro leerders.

Kontak my gerus vir 'n gratis kwotasie.

Solène Bezuidenhout
0622883833

LAERSKOOL MIKRO

# LOOTJIEKOMPETISIE!







## WONDERLIKE PRYSE TE WEN!!!







## R100 PER BOEKIE OF R20 PER KAARTJIE

**SLUITINGSDATUM:**
31 MEI 2023

**PRYSTREKKING:**
VRYDAG, 23 JUNIE 2023

◄ April | **Mei 2023** | June ►

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>VAKANSIEDAG<br>(WERKERSDAG) | 2<br>TIE Eisteddfod (Begin datum) | 3<br>Rugby : Aristea (w) en<br>Bellville (w)<br>Netbal: Bastion (w)<br>Boekbuddies<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn begindatum) | 4<br>Hokkie: Brackenfell<br>Seuns: Weg<br>Dogters: Tuis | 5 **Landloop: Wedloop 2**<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.10 (w) | 6<br>***Ma-en-Dogteroggend***<br>Bergfiets (w) |
| 7 | 8<br>**Netbal: De Kuilen (T)**<br>Leerderraad:<br>Liefdadigheidsprojek<br>Boekeweek | 9<br>Boekeweek | 10<br>Rugby : Hendrik Louw (T)<br>Netbal: Bellpark (T)<br>Netbal :Gene Louw (W)<br>**Tygerberg Eisteddfod (Senoirkoor)**<br>Boekeweek | 11<br>Hokkie: Durbanville<br>Seuns: Tuis<br>Dogters: Weg<br>Boekeweek | 12 **Landloop: Wedloop 3**<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.11 (w)<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn einddatum)<br>Skaak:Curro Brackenfell (W)<br>Boekeweek | 13<br>Worcester-Noord Sportdag (w)<br>Rugby, Netbal, Hokkie |
| 14 Mother's Day | 15 | 16 | 17<br>Rugby : Welgemoed (w) | 18<br>**Hemelvaart**<br>TIE Eisteddfod (Einddatum)<br>**GEEN SPORT** | 19 **Landloop: Wedloop 4**<br>Pinkster<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.13 (w)<br>***Mikro Gholfdag*** | 20<br>Bergfiets (w)<br>Stellenbosch Eisteddfod |
| 21 | 22<br>Pinkster | 23<br>**Hokkie: Curro Durbanville**<br>**Seuns: Weg**<br>**Dogters: Tuis**<br>Rachelle Best: Sosiale Media | 24<br>Pinkster<br>Netheidskontrole<br>Rugby : Curro Durbanville(T)<br>AMESA (Gr. 4-7) | 25<br>Pinkster | 26 **Landloop: Wedloop 5**<br>Pinkster | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31<br>Gekontroleerde toets (Gr.7) | Notes: | | |

**BLOU- DATUMS HET BYGEKOM**
**ROOI- DATUMS HET VERANDER**

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.***




Suidkerk nooi jou uit na
Die Fees van die Gees
Kinderpinkster
22 - 25 Mei 2023
18:30 - 19:45
Pinkster vir die jongklomp!


Winter hoop
Hang 'n rooi kombers oor iemand se skouers en deel 'n
boodskap van hoop en Jesus se oneindige liefde.
HOE KAN JY DEEL NEEM?
• Koop 'n omgee-kombers vir R50
• Neem 'n ombee-kombers en seën iemand
• Skenk R50 sodat iemand anders'n kombers kan neem
• Maak 'n donasie vir ons Winterhoop Omgee geleentheid op 10 Junie, waar ons minderbevooregtes in ons gemeenskap bederf met 'n 3-gang ete, vermaak en 'n omgee kombers
Kontak bespreek@suidkerk.org.za
of besoek ons aanlynwinkel vir meer inligting:
www.suidkerk.org.za
Suidkerk
021 903 3095
bespreek@suidkerk.org.za
26 Langverwacht pad, Kuilsrivier, 7580


Winter hoop
ROOI TAPYT GLANSGELEENTHEID
JUNIE 3 SAT 6 NM
DIE BROERS
GASKUNSTENAARS
KAARTJIES TE KOOP
VIR SLEGS R420 PP
3 gang maaltyd en vermaak deur Die Broers ingesluit in die prys.
Tafels van 10 te koop teen R4000 elk.
SUIDKERK, 26 LANGVERWACHT PAD, KUILSRIVIER, 7580
KOOP AANLYN BY: WWW.SUIDKERK.ORG.ZA
Suidkerk
021 903 3095
bespreek@suidkerk.org.za
26 Langverwacht pad, Kuilsrivier, 7580